kruiskerk.co.za

info@kruiskerk.co.za

wynandnel@iafrica.com

Toetrede

Liturgie van die Lig

Aansteek van die kerse

Woorddiens

Tema: Wat laat jou wakker lê? (Vernietiging)

Skriflesing: Jeremia 4:22-31 (1953)

22 Want my volk is dwaas; My ken hulle nie; dwase kinders is
hulle, en hulle is onverstandig; slim is hulle om kwaad te
doen, maar om goed te doen, weet hulle nie.
23 Ek het na die aarde gekyk, en dit was woes en leeg; ook na
die hemel, en sy lig was daar nie.
24 Ek het na die berge gekyk, en hulle het gebewe, en al die
heuwels het geskud.
25 Ek het gekyk, en daar was geen mens nie, en al die voëls
van die hemel het weggevlieg.
26 Ek het gekyk, en die land van tuine was 'n woestyn, en al
sy stede was afgebreek voor die HERE, voor sy toorngloed.
27 Want so sê die HERE: Die hele land sal 'n wildernis word,
alhoewel Ek daar geen einde aan sal maak nie.
28 Hieroor sal die aarde treur en die hemel daarbo rou dra,
omdat Ek dit gespreek, My dit voorgeneem het en Ek geen
berou het en daarvan nie sal terugkom nie.
29 Vir die geluid van die ruiters en boogskutters vlug die hele
stad; hulle het in die bosse ingegaan en op die rotse geklim;
die hele stad is verlaat, en niemand woon daarin nie.
30 En jy, verwoeste, wat gaan jy doen? Al trek jy skarlaken
klere aan, al versier jy jou met goue sieraad, al laat jy jou oë
groter lyk met swart verf — tevergeefs maak jy jou mooi;
minnaars versmaad jou, hulle soek jou lewe.
31 Want ek het gehoor 'n stem soos van een wat inmekaar
krimp, 'n benoudheid soos van een wat die eerste keer baar,
die stem van die dogter van Sion; sy hyg na asem, sy brei
haar hande uit en sê: Wee my tog, want my siel is magteloos
teenoor die moordenaars.

Broodjies vir die pad

Wag vir die Barbare

Cas Vos

Vir wie wag ons, gespanne in die forum?

Die barbare is op ons drumpel.

Waarom buig daar stilte oor die senaat?
Waarom sit senatore sonder raad?

Omdat die barbare vandag kom met luister.
Watter wette kan die senatore nou verduister?
As die barbare eers kom, is wetgewing hulle plig.

Waarom het ons keiser so vroeg opgestaan,
en waarom sit hy by die stad se hoofhek
op sy troon, waardig, kroon op sy kop?

Omdat die barbare vandag hulle intog maak
en die keiser wag om hulle leier te omhels.
Hy het 'n boekrol voorberei as geskenk,
beskryf met titels, indrukwekkende name.

Hoekom het ons twee konsuls en pretors uitgekom
en hulle geborduurde, hulle skarlaken togas gedra?
Hoekom die armbande met soveel kosbare edelstene,
en ringe wat glans met manjifieke smarag?
Hoekom dra hulle elegante wandelstokke
sierlik gekerf, omvou met silwer en goud?

Omdat die barbare vandag kom met luister
en sulke dinge die barbare verbyster.

Waarom kom geeërde orators nie soos altyd na vore
om woorde te weef en oor harte te sprei nie?
Omdat die barbare vandag in aantog is
en leë woorde die barbare koud laat.

Waarom die skielike rusteloosheid, hierdie verwarring?
(Hoe vol erns is mense se gesigte nie geplooi nie.)
Waarom is die strate so leeg en die pleine so kaal,
drentel almal huiswaarts vol verskiete gedagtes?
Omdat die nag alles gevlek het en die barbare nie gekom
het nie.
En sommige wat lamvoet van die grens teruggekeer het, sê
daar is geen barbare meer nie.

En nou, waarheen vlug ons sonder die barbare?
Hulle was, daardie mense, 'n soort oplossing.

(c) Cas Vos / Oktober 2014 *Vertaling deur Cas Vos van Konstantinos P. Kabaphes se Periménontas tous Barbárous*

http://versindaba.co.za/2014/11/04/konstantinos-p-kabaphes-vertaling-in-afrikaans

◆◆◆

"I guess humans like to watch a little destruction. Sand castles, houses of cards, that's where they begin. Their great skills is their capacity to escalate." *Markus Zusak,* The Book Thief

The monster I kill every day is the monster of realism. The monster who attacks me every day is destruction. Out of the duel comes the transformation. I turn destruction into creation over and over again."
— Anaïs Nin, Henry and June: From "A Journal of Love"--The Unexpurgated Diary of Anaïs Nin

If I had known they were going to do this, I would have become a shoemaker."
— Albert Einstein

"When you keep hurting someone, you do one of three things. Either you fill them up with hate, and they destroy everything around them. Or you fill them up with sadness, and they destroy themselves. Or you fill them up with justice, and they try to destroy everything that's bad and cruel in this world. Me, I was the first kind of person."
— Nick Lake, In Darkness

Have you ever thought what a God would be like who actually ordained and executed the cruelty that is in [the biblical Book of Revelation]? A holocaust of mankind. Yet so many of these Bible-men accept the idea without a second thought."
— C.J. Sansom, Revelation

we are threatened with suffering from three directions: from our body, which is doomed to decay..., from the external world which may rage against us with overwhelming and merciless force of destruction, and finally from our relations with other men... This last source is perhaps more painful to use than any other. (p77)"
— Sigmund Freud, Civilization and Its Discontents

"It can even be thought that radium could become very dangerous in criminal hands, and here the question can be raised whether mankind benefits from knowing the secrets of Nature, whether it is ready to profit from it or whether this knowledge will not be harmful for it. The example of the discoveries of Nobel is characteristic, as powerful explosives have enabled man to do wonderful work. They are also a terrible means of destruction in the hands of great criminals who lead the peoples towards war. I am one of those who believe with Nobel that mankind will derive more good than harm from the new discoveries."
— Pierre Curie

If Darwin had seen in life what Dostoevsky saw, he would not have talked of the law of the preservation of species, but of its destruction."
— Lev Shestov, In Job's Balances: On the Sources of the Eternal Truths

Brood vir die pad

Koerantopskrifte wat ons eerder wil sien

Koos Kombuis

Fundamentaliste het helse probleme in hul kop. En om in die hedendaagse Suid-Afrika 'n fundamentalistiese regsgesinde rassis te wees, is 'n tameletjie, selfs al besef jy wie regtig die argitekte van apartheid was. Die feit is, hoe rig mens jou daaglikse lewe in wanneer jy behoort aan 'n sekte wat vas glo dat alle mense van 'n sekere velkleur inherent ongeldig is, geen reg het op bestaan nie, as blote suurstofdiewe lewe en loop en om jou bestaan? Ek sukkel om myself so 'n uiterse, nimmereindigende staat van paranoia in te dink.

Dit beteken nie dat sogenaamde liberale mense nie ook hul stel paradokse en breinknope beleef nie. Ek dink die grootste dilemma van die tipiese liberale mens is die (vir hom) onverstaanbare feit dat driekwart van die wêreldbevolking driekwart van die tyd, nie optree soos wat hy verwag nie.

Waar regsgesindes hul in die middel van 'n toenemend donker-wordende planeet bevind, voortdurend bedreig deur wat hulle beskou as massas dreigende en onopgevoede barbare, is liberale geneig om die intelligensievlak en die objektiwiteit van die gemiddelde mens te oorskat. Liberales leef in 'n feeparadys waar almal eintlik basies gaaf en vriendelik en hoflik is, of graag wil wees, en waar alle konflikte eendag opgelos sal kan word deur koele logika en bedaarde onderhandeling. Omdat die gemiddelde liberaal vanuit sy verstand leef pleks vanaf sy hart, verstaan hy nie hoe alomteenwoordig op aarde die dinamika van haat en woede is nie. Hy is blind vir daardie passies wat aangevuur word deur bloed en derms en oer-stamgebondenheid en die vermetele oorlewingsinstink en brutale wreedheid van die reptielbrein.

As ons in 'n wêreld geleef het waarin almal rasioneel kon optree, waarin alle mense hul gang gaan vanuit 'n houding van selfrespek en respek vir ander, sou dinge inderdaad baie anders gewees het. Niemand sou ooit aanvalle van padwoede gekry het nie. Niemand sou die behoefte gevoel het om sy vuurwapen aan te gord vir 'n eenvoudige wandeling deur die winkelsentrum nie. Almal sou vriendelik gewees het, korrekte Afrikaans gepraat het in grammatikaal korrekte volsinne sonder vloekwoorde of anglisismes, en almal sou besef het hoe slim Piet Croucamp eintlik is.

Dink jou in hoe anders koerantopskrifte sou uitsien in so 'n volmaakte wêreld. Ek gee 'n paar voorbeelde:

Verkiesingsuitslag in Oekraïne sal bande met Europa versterk, sê Poetin

Die Antwoord betaal Dookoom vir bydrae tot hul musiekstyl

Uganda wettig gay-huwelike

"Plaasmoorde verdien spesiale aandag," sê minister van polisie

AfriForum beskuldig Steve Hofmeyr van haatspraak teen swartes

Julius Malema sluit aan by Weigh-less

'Hidrobreking het dalk negatiewe impak op natuur' – Shell oorweeg ander opsies

Angus Buchan hou saamtrek vir feministe

'Wie't nou so 'n groot huis nodig? Verkoop Nkandla en gee die geld vir die armes!' - Zuma

Eskom se nuwe silo vroeër as verwag klaar

'Suid-Afrika benodig dringend meer entrepeneurs', pleit SAKP

Nou ja, wat 'n wonderlike planeet sou hierdie gewees het as ons elke dag sulke koerantopskrifte sou kon lees langs die strate terwyl ons werk toe ry! Almal sou sommer in 'n beter bui gewees het! Daar sou waarskynlik geen e-tolstelsel gewees het nie! Daar sou skoon water in al die krane gewees het, en die hele Karoo sou vol sonpanele gestaan het om Eskom se elektrisiteitstekort aan te vul!

Ons kan maar net droom …

http://www.netwerk24.com/stemme/2014-11-05-koerantopskrifte-wat-ons-eerder-wil-sien

wynandnel@iafrica.com 082 901 5877